

# KOERSVAS

Uitgawe 15 Jaargang 1 17 Mei 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbekendings

Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Verandering

Ons meegevoel met die naasbestaandes van prof Bart Oberholzer met sy afsterwe. Die koerantberig wat die tyding die wêreld ingedra het, het gestel dat hy ten gunste was van die verandering wat plaasvind in die NHKA. Verandering is deel van die menslike bestaan. Ons kan op nijs en niemand staan maak om nie te verander nie.

Natuurgebeurtenisse soos droogte- en vloedtoestande, aardverwarming en verskuwendie pole dui daarop dat verandering in die natuur sikkies van aard is. Ons skeppingsopdrag is om oor die natuur te heers op so manier dat ons nie die sensitiewe balanse van die skepping omverwerp nie. Die veranderings is ingebied in die skepping en ons moet daarmee leer saamlewe.

Die samelewings verander in terme van samestelling, ouderdom, politieke lojaliteit en vele meer. Om iets te behou soos dit is, is nie vanselfsprekend nie, dit kos moeite om iets te behou. Daar is ook die spreek wat lui dat perfeksie is die deurdempel na verval.

Tog is daar dinge wat ons graag sal wil behou. Om iets te behou en te koester kan op 'n paar maniere geskied.

Dit is moontlik om iets uit die samelewing te haal en by wyse van spreke te laat stol. Teen groot koste word gestolde items in museums bewaar en deur belangstellendes besigtig. Gestolde lewe vergader stof en is nie werklik lewe nie.

Om iets in die samelewing te behou en lewend te hou is 'n groot uitdaging. Taalgebruik en die strewe na suiwer taalgebruik teen die taalmeng-gier in, verg self-dissipline. Veranderde waardes en veranderende uitkyke op die lewe bied aan elke mens uitdagings ten opsigte van die strewe om te behou. Indien daar op die veranderlike gefokus word, is die stryd vergeefs. Die vraag sal daarom altyd wees na dit wat behou kan word. Wat is kern en wat is veranderlik?

In die konteks van ons geloof, is hierdie vraag en uitdaging van kardinale belang. Om te behou dit wat op die rant van ons geloof staan, kan selfs beteken dat ons kernsake agterweë laat. Ons moet telkens

terugbeweeg na die ewige kern van ons geloof. Dit kan behou word en is die moeite werd om voor te veg. Ons lees in 1Kor 15: 3 - 4 “*Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.*”

Ons gaan gereeld moet seker maak dat ons by hierdie kernwaarheid bly. Dit is te verstanne dat mense bereid was om vir hierdie boodskap te sterf, want die kernwaarheid van Jesus sluit ook ons eie opstanding in. Alles het gebeur soos voorspel in die Skrifte. Die nuwe tendens om die Ou Testament op die agtergrond te skuif en selfs te beweer dat die Ou Testament nikks met die Nuwe Testament te make het nie, is met ander woorde ook ‘n wegbeweeg van die kernwaarheid. Die vraag is net na die plek waar veranderings in die kerk (die NHKA in hierdie geval) plaasvind. Dit is die betoog van Onafhanklike gemeentes dat die NHKA se veranderings ‘n wegbeweeg van kernwaarhede insluit.

Elke gemeente en elke lidmaat sal telkens moet terugbeweeg na die kernwaarheid toe en verandering dan vanuit hierdie rotsvaste vesting bestuur.

## NUUSBROKKIES

- Koster se Mini-basaar was uiters suksesvol en het ‘n geraamde wins van R 65 000 ingebring. Almal het goed saam gewerk en heerlik gekuier.
- Ds Johann Mouton en adv Hannes Greeff het 10 Mei in gesprek getree met die

Moderamen. Ongelukkig het die Moderamen volstrek geweier om toe te laat dat ds Johann iemand saam met hom daar hê. Volgens hulle (en daar was 10, insluitend die Sentik-hoof uit ‘n Kerkordelike 7 daar) was die gesprek as ‘n broederlike gesprek geskeduleer. Adv Fourie het ds Johann ook daarop gewys dat hy nie op regsvteenwoordiging geregtig is nie. Adv Greeff het vriendelik daarop gewys dat die vorige poging tot ‘n liefdevolle broederlike gesprek uitgeloop het op die onkerkordelike opheffing van ds Johann se amp. Die Moderamen het egter nie kans gesien vir die tien teen twee gesprek nie.

## KENNISGEWINGS

- Grootvlei : ADAM EN MWAH: PLOT OPSKOP** 31 Mei 2013, 15:00 tot laat. R70-00 p/p (Kinders onder 10 gratis) Kontak nommer: **0828386303**
  - Premiermyn Hervormde Kerk:** Jagpakket 2013 Bestaande uit: 1 eland, 1 gemsbok, 2 rooibokke, 3 vlakvarke, 4 aande se verblyf. R100-00 per kaartjie. Navrae by Hans Esterhuizen: **0845812905/0128115165**
  - PHD:** Premiermyn se Dorkas nooi alle Damesverenigings om ‘n tafel of twee te bespreek vir Dowwe Dolla Saterdag, 31 Augustus 2013. 10 dames per tafel @ R120 per persoon. Navrae by Alta: **0826821252**
- Stuur u kennisgewings en nuusbakkies na [j.otto@telkom.co.za](mailto:j.otto@telkom.co.za) of na [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.